# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## GRAAD 10

## NOVEMBER-EKSAMEN 2021

## Vraestel 2

**Punte: 70** **Tyd: 2 Uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **AFDELING A: Gedigte** | **[30]** |
| **AFDELING B: Kortverhale** | **[30]** |
| **AFDELING C: Filmstudie** | **[10]** |

2. **Beantwoord AL die vrae.**

3. **Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**

7. **Skryf netjies en leesbaar.**

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: Om groot te word (Maryke Heyns)

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**Om groot te word - [Maryke Heyns]**

**Om groot te word**
**is so tussenin.**
**Grootmensdinge is nog ver,**
**kinderdinge word min.**

**Kom ons lag weer vrolik**
**vir die maan se vet, geel gesig.**
**Kom ons bring die trane**
**oor ‘n dooie voëltjie terug.**
**Kom ons eet weer slap-tjips**
**en lek ons vingers af.**
**Kom ons word weer kinders.**
**Kom ons word weer laf.**

**Nou huil ons in ‘n kussing**
**en wonder waarom.**
**Nou raak ons verlief**
**en dink die wêreld glimlag krom.**
**Nou’s ons so tussenin, vals noot,**
**want: ons word groot.**

1.1 Voltooi die volgende sin. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die spreker voel dat kinderpret al ..........word. [1]

1.2 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die woordjie “tussenin” [reël 2] suggereer dat die spreker nie meer 'n 1.2.1... is nie, maar ook nog nie 'n 1.2.2 .... is nie. [2]

1.3 In strofe 2 noem die spreker dinge wat ŉ mens gewoonlik met die jeug assosieer. Noem TWEE van die dinge. [2]

1.4 Kies uit KOLOM B die inligting wat by KOLOM A pas. Skryf net die nommer die letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Dubbelpunt | A. “die maan se vet, geel gesig” |
| 1.4.2 Personifikasie | B. ‘n Lys van grootmensdinge gaan volg |
| 1.4.3 Alliterasie | C. “Kom ons” |
| | D. “wonder waarom” |

[3]

1.5 Kies die regte antwoord en skryf net die nommer en letter as antwoord neer.

Om laf te wees, beteken om ... te wees.

A. eensaam
B. verlief
C. verspot
D. hartseer [1]

1.6 Tydens hierdie grootword tydperk voel jongmense soms dat alles om hulle verkeerd is.
Haal drie opeenvolgende woorde uit die slotstrofe aan om dit te bewys. [1]

**[10]**



**VRAAG 2 : Omdat (Antjie Krog)**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**Omdat** - (Antjie Krog)

**My maer hande steek vir jou 'n kers aan**
**omdat jy my maat geword het**
**toe ek na 'n kwartaal**
**nog somber alleen tussen die ander sit,**
**omdat jy my pouses uit die**
**biblioteek kom haal**
**om saam liedjies te sing in die saal,**
**omdat jy my maat bly**
**t.s.v. my skilferhemp en nylontrui**
**omdat jy lief vir my geword het**
**en my selfs vashou teen jou bors**
**t.s.v. my dimpelbene en die**
**ryp puisies wat op my wange kors.**

**My kers brand**
**omdat jy kaalvoet saam met my**
**deur die dorp loop**
**en wag as ek iets in 'n**
**supermark koop**
**omdat jy pouses vir my brood gee,**
**smiddae vir my wiskunde verduidelik**
**en soms oor my skoon hare vee**

**omdat jy my maat is en so daarin berus**
**al skinder almal oor jy 'n seun**
**en ek 'n meisie is**

**omdat jy verstaan as ek weg van jou kring**
**en agter die gordyne kruip**
**as jy operette sing.**

**Kyk hoe bewe my kers nou**
**Hy sê dankie en hy bid vir jou.**

2.1 Wie is die spreker in die gedig? Wees baie spesifiek in jou antwoord. [1]

2.2 Die volgende stelling is ONWAAR.

Die spreker is ‘n sosiale persoon.

Haal TWEE versreël aan om dit te bewys. [1]

2.3 Met watter skoolvak sukkel die spreker? [1]

2.4 Die spreker se skooluniform was heel moontlik tweedehands.
Watter versreël suggereer dit. [1]

2.5 Die spreker het twee dinge genoem wat dalk ander kinders van haar weghou, maar nogtans bly hy haar maat.
Wat sê dit vir ons van hierdie maat van haar? [1]

2.6 Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. [1]

2.7 Skryf die volgende sinne in die KORREKTE VOLGORDE neer soos dit in die gedig voorkom.

- Die maat en die spreker loop kaalvoet in die dorp rond.
- Die spreker steek ‘n kers vir haar maat aan om dankie te sê.
- Die spreker het ‘n lae selfbeeld.
- Wanneer die spreker nie toebroodjies het nie, gee haar maat vir haar.

[4]
**[10]**



**VRAAG 3: Die gesteelde TV (Peter Snyders)**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**Die gesteelde TV** **[Peter Snyders]**

**Wiet julle**
**dai was ‘n cruel ding**
**wat ôs gedoenit**
**ommie Old Age Home**
**se TV te steel.**

**Dink maar net:**
**die ienagste plesier vannie senior citizens –**
**Wat dink julle discuss hulle nou?**
**Die gesteelde TV.**

**En hoe spend hulle hulle lonely nights?**
**Hulle kyk met blênk loeks**
**narie blênk spot**
**waarie TV gestaanit.**

**Niks meer laat aane,**
**niks meer news,**
**niks meer kinnesprograms,**
**ennie kêk was saam merrie TV gesteel.**

**Terug na Springbokradio –**
**television sonner pictures.**
**Jig!**

**Dai klomp ou biene**
**het nou veels te veel tyd**
**om hulle kwale te re-examine.**

**Nei, ouens**
**ôs was varke**
**om hulle boks speelgoed**
**soema soe af te vat.**

**Ek sê:**
**vanaand briek ôns weer in**
**byrie Old Age Home**
**en sit dai blênk-blerrie ding terug.**

3.1 Wat noem ons die taal wat hulle in die gedig gebruik? [1]

3.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

3.2.1 Die spreker in hierdie gedig praat met

A. die leser
B. die mense in die ouetehuis
C. sy bendelede
D. die grootbase van die TV [1]

3.2.2 Die "**cruel ding"** waarna hy in die gedig verwys is dat

A. die oumense nou na Springbok radio moet luister.
B. die oumense nou eensame nagte het.
C. hulle die oumense se TV gesteel het.
D. die oumense nou baie tyd het om oor hulle kwale te praat. [1]

3.3 Haal twee agtereenvolgende woorde uit strofe 7 aan om die televisie te beskryf. [1]

3.4.1 Hoe beskryf die spreker homself en sy vriende in strofe 7? Haal drie opeenvolgende woorde as antwoord aan. [1]

3.4.2 Watter beeldspraak kom in bogenoemde antwoord voor. [1]

3.5 Noem een van die TV-programme waarna die oumense graag gekyk het. [1]

3.6 Kies uit KOLOM B die inligting wat by KOLOM A pas.
Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 3.6.1 Die oumense het nie die TV vergeet nie. | A. Hulle wil die TV terugsit |
| 3.6.2 Die spreker en sy trawante gaan weer inbreek | B. Skuldige gewete |
| 3.6.3 Rede waarom hulle die TV weer gaan teruggee | C. Die TV is in elke geval stukkend |
| | D. Kyk na leë plek waar TV gestaan het |

[3]
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: KORTVERHALE

**Vraag 1: Die trompet van Triton - [Solet Scheeres]**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| **Ek haat my pa. Ek haat, haat my pa. Ek haat-de-haat-de-haat-de-haat my pa. Ek de-hat-de-hat-de-hatteratat my pa, my pa-aa-aaa. Die ritme van my voete in die sagte seesand word 'n lied.** |

1.1.1 Hoe voel die spreker oor haar pa. Haal EEN WOORD as antwoord aan. [1]

1.1.2 Hoekom voel die spreker só oor haar pa? [1]

1.2 Kies uit die onderstaande kolom die korrekte woord/e om die paragraaf te voltooi.
Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **skulp** | **deuntjie** | **huil** | **trompet** | **Triton** | **seemusiek** | **sing** |

Die spreker sit op die strand toe sy 'n hartseer 1.2.1........hoor. Sy sak haar kop op haar arms en begin 1.2.2....... Sy sien toe 'n man wat 'n 1.2.3 ....in sy hand vashou.
[3]

1.3 Hoekom sê die ou man vir die see dankie? [1]

1.4 **"Die portier staan voor die deur met 'n pakkie in sy hand"**

Wat was in die pakkie? Noem TWEE dinge. [1]

1.5 Die volgende stelling is ONWAAR.

Die ou man se troetelnaam vir die spreker is *Little Mermaid.*

Motiveer waarom die stelling verkeerd is. [1]

1.6 Wat is die spreker se pa se beroep? [1]

1.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die boodskap wat meneer Djovitich deur sy musiek aan die spreker wil oordra is dat

A. musiek die seegolwe kan kalmeer.
B. trompetmusiek die belangrikste musiekinstrument is.
C. musiek 'n mens se hartseer kan genees.
D. sy, net soos haar pa, hulle gesin vir musiek moet opgee. [1]

**[10]**



**Vraag 2: Aspoestertjie en die drie bere -** [Nelia Engelbrecht]

Lees die volgende uittreksels deur en beantwoord al die vrae wat volg.

| |
|---|
| **"Kyk net hulle maagspiere. Jy kan sjokolade daarteen rasper," sê Triz. Triz is mal oor kos. As sy nie besig is om te eet nie, máák sy kos of prááT sy oor kos.** |

2.1. Hoekom was Triz die eerste een om die drie broers te sien? [1]

2.2 Waarom vra die meisie later vir Rosy, Triz-hulle se huishulp, wat die seuns se name is? [1]

2.3 Wat was die eintlike rede waarom Corli na die bure toe wou gaan? [1]

2.4 Flankeer is skynbaar Corli se spesialiteit. Hoekom glo sy egter nie aan 'n ernstige verhouding nie? [1]

2.5 Kies uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas.
Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.5.1 Corli woon in Glenhaven | A. Werk as 'n kelnerin |
| 2.5.2 Corli maak 'n gek van haarself | B. Stry met Vanessa oor geld |
| 2.5.3 Corli help haar ma finansieël | C. Sy val per ongeluk op die een "hunk" |
| | D. Leuen wat sy vertel het |

[3]

2.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Die een De Beer-broer noem Corli "Gouelokkies" omdat

A. Corli blonde, krullerige hare het.
B. sy baie mooi en flirterig is.
C. sy van die kos in die kleedkamer geëet het en aan die slaap geraak het.
D. sy baie van sprokiesverhale hou en graag soos Gouelokkies wil wees. [1]

2.7 Die volgende stelling is ONWAAR.
Motiveer dit deur die korrekte feit/e neer te skryf.

Karlientjie is Corli se ma se naam. [1]

2.8 Gareth het by die restaurant met Corli se vyand, Kristen, opgedaag.
Waarom het Corli en haar vriendinne nie van Kristen gehou nie? [1]
**[10]**




**Vraag 3: Ek is Diek van der Spuy - [Jaco Jacobs]**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg

**Maar die skooldag gaan verby sonder dat enigiets gebeur.**
**Pouse speel ek touchies saam met die ouens. Dit lyk of niemand eens agterkom Diekie is weg nie. Ek ry alleen huis toe.**
**Eers die dag daarna is Diekie terug in die skool. Sy een oog is nog effens toegeswel en potblou. Die ouens maak 'n nuuskierige kringetjie om Diekie.**
**"Hei, Diekie van der Spuy, wie't jóú beetgekry?" treiter Arno Vermaak vir Diekie met sy eie rympie.**
**Diekie flits net sy groot, breë smaail, asof dít Arno se vraag antwoord.**

3.1 Diekie is 'n nuwe leerling by die skool.
Hoe kan 'n mens dit sien? [1]

3.2 Hoe het dit gebeur dat Diekie en Deon vriende geword het? [1]

3.3 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Diekie loop elke dag huis toe. [1]

3.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Deon het besluit om na Diekie se huis te gaan want

A. hy wou probeer uitvind of Diekie wel leuens by die skool vertel.
B. hy wou saam met Diekie 'n duiwehok vir die duiwe bou.
C. Diekie was nie die dag by die skool nie.
D. Diekie het hom vir 'n verjaarsdagpartytjie uitgenooi. [1]

3.5 **"Sy een oog is nog effens toegeswel en potblou."**

3.5.1 Wie het vir Diekie so geslaan? [1]

3.5.2 Waarom het hierdie persoon vir Diekie geslaan? [1]

3.5.3 Waarom, dink jy, het Diekie se ouers nie die skool gebel en van die bakleiery vertel nie? [1]

3.6 Kies uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas.
Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 3.6.1 'n Leuen | A. Deon sal in die toekoms vir Diekie bystaan. |
| 3.6.2 Duiwe | B. Vulkane, rugby, krieket, ruimtewesens, ens. |
| 3.6.3 *Catcher* | C. Sy pa gaan vir hom 'n nuwe horlosie stuur. |
| | D. Simbool van vryheid |

[3]
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B : 30 PUNTE**



## AFDELING C: FILMSTUDIE

**<u>OUMA SE SLIM KIND</u>**

1. Skryf die vraagnommer van die onderstaande foto's neer en die naam van die korrekte karakter.


   Skryf **ook** een **volledige** feit van elke karakter neer;
   bv. 1.1 Meester – jaag die seun uit die klas uit.



1.1



1.2



1.3



1.4



1.5



1.6

[6]

2. Watter nuus het die **polisieman** aan die begin van die fliek vir ouma gebring?[1]

3 Watter ontstellende nuus het die **beampte** later vir ouma gebring? [1]

4 Watter speletjie [waar hulle klei moes gebruik] het die twee seuns graag gespeel? [1]

5 Watter boodskap wou hierdie fliek graag aan die gehoor oordra? [1]

**TOTAAL VIR AFDELING C : 10 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 70 PUNTE**

